**Woensdag 20 September**
**Skrifgedeelte: Matteus 22:34-40**
**Fokusgedeelte: Matteus 22:37-40**
**’n Strikvraag vir God**

Wie God met ’n strikvraag oor sy karakter probeer vastrek, gaan baie sleg tweede kom. Vra maar vir die Fariseërs wat ná bose beraadslaging vir Jesus vra oor die belangrikste gebod in die wet. Na sy antwoord waag niemand dit meer om Hom te probeer vasvra nie (Mark. 12:46).

Die Fariseërs se vraag is slim uitgedink. Elke gebod in die wette van die Skrif getuig op een of ander wyse van God se karakter. Watter een is nou die belangrikste? God duld egter nie dualismes nie. Geen deel van sy karakter mag bo ’n ander deel beklemtoon word nie. Jesus se antwoord is absoluut briljant. Van liefde tot God weet elke Fariseër uit Deuteronomium 6:5. Ook liefde tot die naaste klink bekend (Lev. 19:18). Maar nog nooit het ’n rabbi liefde tot God en naaste saamgevoeg as twee gelyke komponente van die grootste gebod wat God se hele karakter opsom nie.

Jesus kon dit doen, want Hy is die ewebeeld van die wese of die karakter van God (Heb. 1:3) en daarom het Hy ook die Wet volmaak vervul. Hy is liefde. Deur Hom en uit Hom straal een groot liefde vir God en medemens, soos Hy duidelik aan die kruis bewys het (Joh. 3:16). Wanneer iemand Hom aanneem (Joh. 1:12) en Hy in iemand woon (Joh. 14:23), dan breek Hy deur elke dualisme in die wedergebore mens. Sy liefde eis ons hele hart, siel, verstand en kragte op (Matt. 22:37; Jak. 4:5). Sy Gees wat sy liefde in ons harte uitstort (Rom. 5:5), teken die kruis as tweeledige prentjie diep binne-in ons – liefde vir God (vertikale begronding) wat horisontaal uitstraal na ons medemens. Nou kan ek bely: “Diep in my ingewand, waar liefde en ywer brand, dra ek U heil’ge Wet!”

*Sing: Psalm 40-1:1, 4*

*Dr. J Pretorius (Jacob) (Linden)*